


# MEDEPLIGTIGHEID

'N KRITIESE EVALUERING VAN DIE HOOFSTROOMMEDIA SE BERIGGEWING OOR VOORVALLE VAN GEWELD OP SUID-AFRIKAANSE PLASE

AfriForum

'N VERSLAG DEUR AFRIFORUM

ERNST ROETS



# INHOUD


| Onderwerp | Bladsy |
|---|---|
| Lys van tabelle | 4 |
| Lys van figure | 5 |
| Inleiding | 6 |
| Metodologie | 7 |
| Sleutelaannames | 8 |
| Omvang van beriggewing | 10 |
| Beriggewing volgens ras | 12 |
| Die gebruik van illustrasies | 18 |
| Voorvalle waaroor die meeste berig is | 18 |
| Internasionale media | 21 |
| Ander waarnemings | 21 |
| Gevolgtrekking | 22 |
| Bylaag: Beskrywing van voorvalle | 23 |

# LYS VAN TABELLE


| Onderwerp | Bladsy |
|---|---|
| Tabel 1: Terminologie | 9 |
| Tabel 2: Aantal insidente waaroor berig is, volgens misdaadkategorie gekategoriseer | 10 |
| Tabel 3: Vermeldings per insident, volgens misdaadkategorie gekategoriseer | 10 |
| Tabel 4: Beriggewing oor insidente, volgens nuusinstellings gekategoriseer | 11 |
| Tabel 5: Mediaberiggewing oor insidente, volgens ras gekategoriseer – opsomming van alle insidente | 12 |
| Tabel 6: Mediaberiggewing oor wit-teen-swart-insidente, volgens die soort insident gekategoriseer | 13 |
| Tabel 7: Mediaberiggewing en ras – Afrikaanse media | 13 |
| Tabel 8: Mediaberiggewing en ras – Engelse media | 13 |
| Tabel 9: Aantal persone gedood in bekende insidente, volgens ras gekategoriseer | 14 |
| Tabel 10: Toptien vermelde insidente van wit-teen-swart-geweld | 18 |
| Tabel 11: Toptien vermelde insidente van swart-teen-wit-geweld | 19 |
| Tabel 12: Toptien vermelde insidente van swart-teen-swart-geweld | 19 |
| Tabel 13: Topdrie vermelde insidente van wit-teen-wit-geweld | 19 |
| Tabel 14: Mediaberiggewing en ras – Coligny, doodkissaak en Parys-moorde vs alle slagoffers van 2016 en 2017 | 20 |
| Tabel 15: Vermeldings in Britse media | 21 |

# LYS VAN FIGURE


| | |
|---|---|
| Figuur 1: Beriggewing oor insidente, volgens nuusinstellings gekategoriseer | 11 |
| Figuur 2: Plaasverwante voorvalle wat vermeld is (maandelikse ontleding) | 12 |
| Figuur 3: Beriggewing oor bekende voorvalle, volgens ras gekategoriseer | 14 |
| Figuur 4: Gemiddelde vermeldings per aantal sterfgevalle (swart oortreders, wit slagoffers) | 15 |
| Figuur 5: Gemiddelde vermeldings per aantal sterfgevalle (wit oortreders, swart slagoffers) | 15 |
| Figuur 6: Gemiddelde vermeldings per aantal sterfgevalle (swart oortreders, swart slagoffers) | 16 |
| Figuur 7: Vermeldings van ras, volgens media-instellings geklassifiseer | 16 |
| Figuur 8: Name wat nie vermeld is nie ten spyte daarvan dat dit bekend was, volgens ras gekategoriseer | 17 |
| Figuur 9: Illustrasies van slagoffers of oortreders, volgens ras geklassifiseer | 18 |
| Figuur 10: Mediaberiggewing en ras (ratio van vermeldings): Coligny, doodkissaak en Parys-moorde vs alle slagoffers wat vermoor is in 2016 en 2017 | 20 |

# INLEIDING

Sedert die aanvang van AfriForum se veldtog vir die prioritisering van plaasaanvalle is die organisasie bekommerd oor die waargenome dubbele standaarde ten opsigte van rassisme in Suid-Afrika. Hierdie waargenome dubbele standaarde blyk uit die wyse waarop die Suid-Afrikaanse regering voortdurend voorvalle van geweld in die openbaar veroordeel as die oortreders wit en die slagoffers swart is, terwyl hulle slegs in uitsonderlike omstandighede reageer op voorvalle van geweld waar die oortreders swart en die slagoffers wit is. Dit is veral opvallend in gevalle van geweld op plase. AfriForum se lede is al ʼn geruime tyd bekommerd oor die neiging om sogenaamde voorvalle van wit-teen-swart-geweld tot sake van nasionale belang te vergroot, terwyl plaasmoorde – waar die slagoffers meestal wit en die oortreders byna uitsluitlik swart is – meestal geïgnoreer word.

Hierdie dubbele standaarde blyk nie net uit die Suid-Afrikaanse regering se reaksie nie, maar ook uit beriggewing deur die HSM in Suid-Afrika. AfriForum se lede is ook al geruime tyd bekommerd oor hoofstroomkommentators in die media se dubbele standaarde; dit sluit Max du Preez, Adriaan Basson, Eusebius McKaiser, Pierre de Vos, Verashni Pillay en Pieter du Toit en verskeie ander in. Dié dubbele standaarde blyk enersyds uit die sentimente wat hulle in die media uitspreek en andersyds uit die wyse waarop hulle oor voorvalle op plase berig.

AfriForum het derhalwe ʼn ondersoek geloods na die wyse waarop die hoofstroommedia oor voorvalle van geweld op plase berig. Afgesien van verskeie opmerkings aan die einde van hierdie verslag, is ʼn kwantitatiewe benadering gevolg.

**Die media se rol**

AfriForum is in beginsel verbind tot vryheid en die vrye mark. Die organisasie is dus sterk gekant teen die regering se regulering van die media en verbind tot die idee dat onafhanklike media-instellings die reg het om hul eie beleid en benadering te bepaal en te kies wat hulle wil beklemtoon.

AfriForum steun ook die idee dat niemand werklik objektief kan wees nie en dat geen media-instelling gevolglik ooit daarop kan aanspraak maak dat hulle heeltemal neutraal is nie. Hoewel neutraliteit en objektiwiteit doelwitte is waarna die media kan streef, is AfriForum van mening dat dit baie beter sal wees as nuusinstellings hul eie vooroordele openlik erken, insluitende wie hulle teikenmark is, waarop hulle fokus en hoe hulle bepaal watter stories hulle gaan publiseer en wat hulle gaan ignoreer.

ʼn Krisis ontstaan egter as media-instellings beweer hulle is objektief terwyl hul beriggewing baie duidelik dubbele standaarde toon. Dit is selfs nog meer kommerwekkend as daardie dubbele standaarde duidelik met ras te make het. Die grootste probleem hiermee is dat dit lyk asof die lesers, luisteraars of kykers van daardie instellings net weet van die voorvalle waaroor daar berig word, terwyl hulle niks weet van die voorvalle wat daardie media-instelling verkies het om te ignoreer nie. Hierdie ongebalanseerde mediadekking lei tot onware narratiewe, negatiewe stereotipering, ʼn misplaaste openbare beleid en, in uiterste gevalle, tot die regverdiging van geweld teenoor geteikende gemeenskappe.

**Beriggewing oor plaasmoorde**

In 2016 en 2017 – die tydperk waarop hierdie verslag fokus – is minstens 148 plaasmoorde tydens minstens 737 plaasaanvalle gepleeg.[1] Hierdie syfers (wat as die minimum beskou moet word) beloop meer as een plaasaanval per dag en ongeveer 1,4 plaasmoorde per week.

ʼn Besluit om nie oor hierdie aanvalle te berig nie, behoort nie saam te val met ernstige veroordeling en oormatige beriggewing oor geïsoleerde voorvalle waar boere of wit mense die oortreders was nie. Eersgenoemde is verstaanbaar. Laasgenoemde is oneties op grond van die redes wat hier bo verskaf is en kan selfs bydra tot ʼn reeds bestaande krisis in Suid-Afrika.

Die doel van hierdie verslag is om te bepaal hoe die media oor plaasaanvalle berig. Dit is deel van ʼn holistiese navorsingsprojek oor plaasaanvalle.

Hierdie verslag is ʼn voorloper van die boek *Kill the Boer* waarvoor die navorsing in die verslag gedoen is. Meer inligting oor die boek, wat in Junie 2018 uitgegee word, is beskikbaar op **www.killtheboerbook.com**.

1. Die getalle wat hier verskaf word, geld net vir voorvalle wat deur AfriForum, in samewerking met die Transvaalse Landbou-unie (TLU SA), bevestig kon word. Hierdie syfers moet dus as die minimum beskou word. Dit sal billik wees om tot die gevolgtrekking te kom dat die werklike getal plaasaanvalle baie hoër is, maar dat die syfer vir plaasmoorde redelik akkuraat is.

# METODOLOGIE

**Hoofstroommedia**

Die term *hoofstroommedia* (HSM) word in hierdie verslag gebruik om gesamentlik te verwys na die verskillende groot massamedia-instellings wat baie mense beïnvloed. Die HSM reflekteer en vorm heersende denkrigtings. Omdat dit nie duidelik is wanneer 'n media-instelling as deel van die HSM beskou moet word nie, is dit vir die doeleindes van hierdie verslag geïdentifiseer as die media-instellings wat die meeste besoekers op hul onderskeie webtuistes kry. Die ondersoek het gevolglik uitsluitlik gefokus op nuusberigte wat op die volgende media-instellings se webtuistes gepubliseer is:

1. *The Citizen*
2. *Daily Sun*
3. eNCA
4. EWN
5. *Huffington Post SA*
6. IOL
7. Jacaranda News
8. *Mail & Guardian*
9. Maroela Media
10. Netwerk24
11. News24
12. SABC
13. *Sowetan* LIVE
14. *The New Age*
15. *Times* LIVE

Dit is belangrik om daarop te let dat baie van hierdie webtuistes in 'n verskeidenheid geaffilieerde media-instellings invoer. Die SABC (die openbare uitsaaier) skakel byvoorbeeld met verskeie TV-kanale en 'n wye verskeidenheid radiostasies. News24 is geaffilieer by verskeie koerante. Netwerk24 is die aanlyn portaal van al die hoofstroom- Afrikaanse koerante, waaronder *Rapport*, *Beeld*, *Die Burger* en *Volksblad*. EWN is aan Talk Radio 702 gekoppel en IOL aan verskeie koerante van die Independent Group. Ons is dus van mening dat die gekose media-instellings as 'n billike weergawe van die HSM in Suid-Afrika beskou kan word.

**Afrikaanse media**

Die enigste Afrikaanse media wat in hierdie verslag ingesluit is, is Maroela Media en Netwerk24. Dit is verreweg die grootste Afrikaanse media-instellings. In hierdie verslag verwys "Afrikaanse media" dus na Maroela Media en Netwerk24 se gesamentlike beriggewing.

**Verkryging van die data**

Alle nuusberigte oor voorvalle van geweld op plase wat tussen 1 Januarie 2016 en 31 Desember 2017 deur die bogenoemde media-instellings gepubliseer is, is in ag geneem. Sleutelwoordsoektogte is uitgevoer deur frases soos "plaasmoord", "boer aangeval", "boer vermoor" en "plaaswerker vermoor" te gebruik, asook inligting uit AfriForum se databasis oor plaasmoorde, soos die name van slagoffers. Dié frases en inligting is gebruik vir soektogte op Google en op die webtuistes van media-instellings wat in die studie ingesluit is. 'n Insidentnaam is toegeken aan elke voorval wat by die data ingesluit is en is gebaseer op die naam van die slagoffer of die plek waar die voorval plaasgevind het, bv. "Plaasaanval – Joubert Conradie".

Slegs berigte wat met voorvalle op plase verband hou, is ingesluit. Hierdie voorvalle sluit moorde, aanrandings, aanvalle en enige ander vorm van misdadigheid of omstredenheid in. In sommige van die gevalle, soos die berugte "bakkievoorval" waar 'n swart vrou 'n saamrygeleentheid in 'n hok agterop 'n wit man se bakkie gekry het, was daar geen fisiese geweld nie. Die voorval is egter deur sommige as gewelddadig beskou. Die media het ook wyd daaroor berig. Gevolglik is dit in hierdie studie ingesluit.

**Beskrywing van insidente**

Die verslag verwys na verskeie voorvalle. Dit is aan die einde van die verslag beskryf in 'n bylae wat as verwysing dien en die genoemde voorvalle in konteks plaas.

**Dataveranderlikes**

Die volgende veranderlikes is uit die nuusberigte verkry:

1. Bron, byvoorbeeld News24
2. Publikasiedatum
3. Publikasietyd
4. Datum van insident
5. Kategorie (aard van die insident)
6. Insident (beskrywing van die insident)
7. Opskrif
8. Ras (van die oortreder en die slagoffer)
9. Illustrasie (van die oortreder of die slagoffer in die berig ingesluit)
10. Name genoem (van die oortreder en/of die slagoffer)
11. Sterfgevalle (aantal sterfgevalle)
12. Ras van oortreder genoem
13. Ras van slagoffer genoem
14. Skakel (na die berig)

## SLEUTELAANNAMES

Sleutelaannames by die opstel van hierdie verslag sluit die volgende in:

- As die ras in aanhalingstekens in die berig verskyn, is dit nie as "ras genoem" in berekening gebring nie.
- Illustrasies van slagoffers of oortreders se familielede is as 'n illustrasie van die slagoffer of oortreder bygereken.
- As een berig na meer as een voorval verwys, is daardie berig die toepaslike aantal kere vasgelê en die inligting is met die verskillende voorvalle in verband gebring.
- Waar berigte met video's verband hou, is die video's se inhoud nie in aanmerking geneem nie.
- Geen meningstukke is in aanmerking geneem nie.
- Slegs berigte wat tussen 1 Januarie 2016 en 31 Desember 2017 verskyn het en wat verband hou met insidente wat in daardie tydperk plaasgevind het, is in aanmerking geneem.

### Terminologie

| | |
|---|---|
| **Bekende insident** | 'n Insident waaroor voorheen deur minstens een ander nuusinstelling berig is |
| **Bekende naam** | As die naam van die slagoffer of die oortreder deur minstens een nuusinstelling genoem is minstens een dag voordat 'n ander instelling oor die voorval berig het, is die naam van daardie slagoffer of oortreder as 'n "bekende naam" beskou |
| **Geverifieerde insident** | 'n Plaasaanval waarvan die besonderhede deur AfriForum geverifieer is deur korrespondensie met die slagoffers, die SAPD, 'n plaaslike gemeenskapsveiligheidsnetwerk of geloofwaardige mediabronne |
| **Insident** | Elke insident met 'n unieke insidentidentifikasie |
| **Nuusinstelling** | Enige nuusinstelling wat deel is van hierdie studie |
| **Swart-teen-swart** | Voorvalle van geweld op plase of kleinhoewes waar die oortreder en die slagoffer albei swart was |
| **Swart-teen-wit** | Voorvalle van geweld op plase of kleinhoewes waar die oortreder swart en die slagoffer wit was |
| **Vermelding** | Elke keer wat 'n insident in 'n nuusberig vermeld (genoem) is |
| **Vigilantevoorvalle** | Gevalle van geweld waar mense die reg in eie hande geneem het, byvoorbeeld om wraak te neem ná 'n misdaad, hetsy 'n vermeende of werklike misdaad |
| **Wit-teen-swart** | Voorvalle van geweld op plase of kleinhoewes waar die oortreder wit en die slagoffer swart was |
| **Wit-teen-wit** | Voorvalle van geweld op plase of kleinhoewes waar die oortreder en die slagoffer albei wit was |

**Tabel 1: Terminologie**

Die plaasaanvalle waarna daar in hierdie verslag verwys word, is ook onafhanklik deur AfriForum geverifieer. Baie van die nuusberigte wat in die verslag ingesluit is, verwys nie na die oortreder se ras nie. In die voorvalle wat AfriForum geverifieer het, is daar egter bevestig dat die aanvallers in 100% van die plaasaanvalle[2] swart was. Gevolglik is die aanvallers in sommige voorvalle in hierdie verslag as swart beskou ten spyte daarvan dat die oortreder se ras nie duidelik uit die mediaberigte geblyk het nie.

2. Let wel: Dit verwys slegs na insidente wat voldoen aan die definisie van 'n plaasaanval en nie alle voorvalle van geweld op plase of kleinhoewes nie.

# OMVANG VAN BERIGGEWING

'n Totaal van 264 voorvalle is aangemeld. Altesaam 2 331 mediaberigte het oor hierdie 264 voorvalle verskyn. Die voorvalle is 2 773 keer in die media genoem.

**Omvang van beriggewing volgens kategorieë**

Die insidente waaroor berig is, kan soos volg gekategoriseer word:

| KATEGORIE | AANTAL INSIDENTE WAAROOR BERIG IS |
|---|---|
| Plaasaanvalle<br>• Aanvalle<br>• Moorde | 241<br>• 136<br>• 105 |
| Vigilantevoorvalle | 11 |
| Voorvalle waarby diere betrokke is | 3 |
| Misbruik van werkers | 2 |
| Misdaad | 5 |
| Huishoudelike geweld | 1 |
| Ander | 1 |
| **TOTAAL** | **264** |

**Tabel 2: Aantal insidente waaroor berig is, volgens misdaadkategorie gekategoriseer**

Let daarop dat hierdie verslag slegs 'n aanduiding gee van voorvalle waaroor in die media berig is en nie van alle voorvalle wat plaasgevind het nie. Ons weet byvoorbeeld nie in hoeveel gevalle werkers mishandel is nie. Ons weet egter hoeveel plaasaanvalle en plaasmoorde in die vasgestelde tydperk gepleeg is. As die syfers in hierdie verslag se inleiding (148 plaasmoorde en 737 plaasaanvalle) as 'n verwysingspunt geneem word, beteken dit die media het slegs oor 70,9% van die plaasmoorde en 32,7% van die plaasaanvalle berig. Desnieteenstaande het 91,2% van alle voorvalle waaroor in die media berig is, oor plaasaanvalle gehandel, en dan is die aantal kere wat hierdie voorvalle herhaaldelik genoem is nie eens in ag geneem nie.

Dit is egter nie voldoende om eenvoudig die aantal voorvalle te tel wat deur die media gedek is nie. Die belangriker vraag is tot watter mate media-instellings by herhaling oor spesifieke voorvalle berig het, aangesien dit aandui hoe belangrik die betrokke voorval deur die redaksionele spanne geag is, watter soort inligting die media neig om te beklemtoon sodat die algemene publiek daarvan kan kennis neem en die moontlike negatiewe stereotipering wat dit tot gevolg kan hê. Die doel hiervan is om te bepaal hoeveel keer 'n bepaalde soort voorval deur die HSM vermeld word. Dit is duidelik dat vigilantevoorvalle, soos die sogenaamde "doodkissaak" of die "Parys-moorde" (kyk insidentbeskrywings in die bylae), aansienlik meer mediadekking kry as plaasaanvalle of plaasmoorde. Vigilantevoorvalle het gemiddeld meer as nege keer soveel dekking as plaasmoorde gekry.

| KATEGORIE | VERMELDINGS | INSIDENTE | VERMELDINGS PER INSIDENT |
|---|---|---|---|
| Plaasaanvalle<br>• Aanvalle<br>• Moorde | 1 516<br>• 404<br>• 1 112 | 241<br>• 136<br>• 105 | 6<br>• 3<br>• 11 |
| Vigilantevoorvalle | 1 097 | 11 | 100 |
| Voorvalle met diere | 82 | 3 | 27 |
| Misbruik van werkers | 11 | 2 | 6 |
| Misdaad | 33 | 5 | 7 |
| Huishoudelike geweld | 6 | 1 | 6 |
| Ander | 28 | 1 | 28 |
| **TOTAAL** | **2 773** | **264** | **11** |


**Tabel 3: Vermeldings per insident, volgens misdaadkategorie gekategoriseer**

### Omvang van beriggewing deur verskillende nuusinstellings

Uit die navorsing blyk dit dat sekere nuusinstellings neig om meer breedvoerig oor voorvalle van geweld op plase berig. Daar is 'n duidelike onderskeid tussen berigte oor sulke voorvalle in die Afrikaanse en die Engelse media. Die Afrikaanse media (Netwerk24 en Maroela Media) was verantwoordelik vir 57,2% van alle vermeldings.

| NUUSINSTELLINGS | VERMELDINGS | % VAN TOTALE AANTAL VERMELDINGS |
|---|---|---|
| Netwerk24 | 1 008 | 36,4% |
| Maroela Media | 576 | 20,8% |
| News24 | 260 | 9,4% |
| *The Citizen* | 191 | 6,9% |
| EWN | 165 | 6,0% |
| IOL | 133 | 4,8% |
| eNCA | 87 | 3,1% |
| *Times* LIVE | 87 | 3,1% |
| *Sowetan* LIVE | 64 | 2,3% |
| Jacaranda News | 61 | 2,2% |
| *Daily Sun* | 55 | 2,0% |
| *Huffington Post SA* | 42 | 1,5% |
| *The New Age* | 23 | 0,8% |
| SABC | 15 | 0,5% |
| *Mail & Guardian* | 6 | 0,2% |

**Tabel 4: Beriggewing oor insidente, volgens nuusinstellings gekategoriseer**





**Figuur 1: Beriggewing oor insidente, volgens nuusinstellings gekategoriseer**

### Omvang van beriggewing: maandelikse ontleding

'n Maandelikse ontleding van mediaberigte toon dat die omvang van mediaberiggewing oor voorvalle van geweld op plase in 2017 beduidend verskil van dié in 2016. Hoewel plaasaanvalle die grootste komponent (91,3%) was van die insidente waaroor die media berig het, toon die groot verskil in die aantal vermeldings per insident dat plaasaanvalle slegs 'n klein minderheid van die totale aantal insidente is waaroor die media berig het.

Die toename in berigte teen die einde van 2017 kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die sogenaamde Swart Maandag-veldtog teen plaasmoorde. Hierdie grafiek toon nie dat baie van die media-instellings se beriggewing oor die veldtog negatief was nie.




**Figuur 2: Plaasverwante voorvalle wat vermeld is (maandelikse ontleding)**

# BERIGGEWING VOLGENS RAS

Uit die navorsing blyk dit dat die slagoffer of oortreder se ras 'n belangrike faktor was by die bepaling van die mate waarin 'n spesifieke voorval deur die media gedek is. Die belangrikste veranderlike was die oortreder se ras. Voorvalle van geweld waar die oortreder wit was, is baie wyer gedek as voorvalle waar die oortreder swart was. Daar is ook baie sterk verskille in die wyse waarop daar oor gevalle met swart slagoffers berig is. As die slagoffer en oortreder albei swart was, is die voorval meestal geïgnoreer (ses vermeldings per voorval), terwyl daar eksponensieel meer berigte verskyn het oor voorvalle waar die slagoffer swart en die oortreder wit was (gemiddeld 75 vermeldings per voorval).

| RASSE-EIENSKAPPE | VERMELDINGS | INSIDENTE | VERMELDINGS PER INSIDENT |
|---|---|---|---|
| Wit-teen-swart | 1 206 | 16 | 75 |
| Swart-teen-wit | 1 379 | 206 | 7 |
| Swart-teen-swart | 97 | 15 | 6 |
| Wit-teen-wit | 30 | 3 | 10 |
| Ander | 61 | 24 | 3 |
| **TOTAAL** | **2 773** | **264** | **11** |

**Tabel 5: Mediaberiggewing oor insidente, volgens ras gekategoriseer – opsomming van alle insidente**

Uit Tabel 5 blyk dit duidelik dat wit-teen-swart-insidente gemiddeld 11 keer meer as swart-teen-wit-insidente vermeld is, 12 keer meer as swart-teen-swart-insidente en 8 keer meer as wit-teen-wit-insidente.

Toe die wit-teen-swart-insidente volgens die soort insidente gekategoriseer is, het die prentjie duideliker geword.

| KATEGORIE | VERMELDINGS | INSIDENTE | VERMELDINGS PER INSIDENT |
|---|---|---|---|
| Vigilantevoorvalle | 1 089 | 9 | 121 |
| Voorvalle met diere | 69 | 2 | 35 |
| Misbruik van werkers | 11 | 2 | 6 |
| Ander | 28 | 1 | 28 |
| Misdaad | 9 | 2 | 5 |

**Tabel 6: Mediaberiggewing oor wit-teen-swart-insidente, volgens die soort insident gekategoriseer**

Vigilantevoorvalle waar die slagoffer swart en die oortreder wit was, is 18 keer meer deur die media vermeld as voorvalle waar die slagoffer wit en die oortreder swart was.

Toe berigte oor rasse-eienskappe van voorvalle in die Afrikaanse en Engelse media vergelyk is, het 'n verdere teenstrydigheid duidelik geblyk.

| RASSE-EIENSKAPPE | VERMELDINGS | INSIDENTE | VERMELDINGS PER INSIDENT |
|---|---|---|---|
| Wit-teen-swart | 445 | 15 | 30 |
| Swart-teen-wit | 1 027 | 197 | 5 |
| Swart-teen-swart | 53 | 13 | 4 |
| Wit-teen-wit | 25 | 3 | 8 |
| Ander | 34 | 19 | 2 |
| **TOTAAL** | **1 584** | **247** | **6** |

**Tabel 7: Mediaberiggewing en ras – Afrikaanse media**

Hoewel dubbele standaarde in die Afrikaanse media steeds duidelik is, is dit ook duidelik dat die Afrikaanse media baie meer gebalanseerd is as die media in die algemeen. Voorvalle waar die oortreders wit en die slagoffers swart was, is in die Afrikaanse media gemiddeld ses keer meer vermeld as voorvalle waar die oortreders swart en die slagoffers wit was, sewe keer meer as gevalle waar beide die oortreders en die slagoffers swart was en omtrent vier keer meer as voorvalle waar beide die oortreders en slagoffers wit was.

Die dubbele standaarde ten opsigte van ras het selfs nog duideliker uit beriggewing in die Engelse media geblyk. Voorvalle waar die oortreders wit en die slagoffers swart was, is gemiddeld 14,8 keer meer vermeld as voorvalle waar die oortreders swart en die slagoffers swart of wit was.


| RASSE-EIENSKAPPE | VERMELDINGS | INSIDENTE | VERMELDINGS PER INSIDENT |
|---|---|---|---|
| Wit-teen-swart | 761 | 13 | 59 |
| Swart-teen-wit | 352 | 82 | 4 |
| Swart-teen-swart | 44 | 12 | 4 |
| Wit-teen-wit | 5 | 2 | 3 |
| Ander | 27 | 24 | 1 |
| **TOTAAL** | **1 189** | **133** | **9** |

**Tabel 8: Mediaberiggewing en ras – Engelse media**

### Beriggewing oor bekende voorvalle volgens ras

Uit 'n studie van die aantal insidente wat aan die media bekend was, het dit ook duidelik geblyk dat erge dubbele standaarde bestaan. In hierdie verslag word 'n "bekende voorval" beskou as 'n voorval wat reeds gepubliseer is deur ten minste een van die media-instellings wat deel is van hierdie studie. Die vraag is: Tot watter mate is bekende insidente deur die media gedek? Die oortreder se ras is duidelik 'n baie belangrike faktor by die bepaling of daar oor 'n bekende voorval berig sal word.

Bekende voorvalle waar die oortreder wit en die slagoffer swart was, is omvattend gedek, terwyl bekende voorvalle waar die oortreder swart en die slagoffer wit was dikwels geïgnoreer is. Bekende voorvalle waar beide die oortreder en die slagoffer swart was, is ook nie deur die media gedek nie. Dit is dus duidelik dat die oortreder se ras die belangrikste faktor was by die




**Figuur 3: Beriggewing oor bekende voorvalle, volgens ras gekategoriseer**

bepaling van die omvang van mediadekking oor 'n voorval. Uit die statistieke oor hierdie veranderlike was die groot verskil tussen die Afrikaanse en Engelse media weer duidelik: die Afrikaanse media berig op 'n baie meer gebalanseerde wyse oor sulke voorvalle. Dit is ook opmerklik dat *Mail & Guardian* gedurende die twee jaar wat deur hierdie studie gedek is geen berigte geplaas het oor plaasaanvalle of enige ander voorval waar die slagoffers wit was nie. Dit blyk *Mail & Guardian* se beleid te wees om glad nie oor plaasaanvalle te berig nie, tensy die oortreder 'n wit boer en die slagoffer swart is. Dit is 'n redelike gevolgtrekking gegewe die omvang van die mediadekking oor plaasaanvalle deur die HSM in die algemeen, die omstredenheid van plaasaanvalle, die uitgebreide mediadekking wat die Swart Maandag-veldtog gekry het en die feit dat *Mail & Guardian* voor 2016 wel oor plaasaanvalle berig het.


### Beriggewing oor sterfgevalle, volgens ras gekategoriseer

Daar was ook 'n duidelike teenstrydigheid in die wyse waarop oor voorvalle van geweld op plase deur die media berig is toe die aantal sterfgevalle en die oortreder se ras in ag geneem is. Om dit te verstaan, word daar eerstens gekyk na die aantal bekende voorvalle waarin mense vermoor is, gekategoriseer volgens die aantal sterftes:

| BEKENDE INSIDENTE | 0 PERSONE GEDOOD | 1 PERSOON GEDOOD | 2 PERSONE GEDOOD | 3 PERSONE GEDOOD | 4 PERSONE GEDOOD |
|---|---|---|---|---|---|
| Wit-teen-swart | 6 | 9 | 1 | – | – |
| Swart-teen-wit | 110 | 86 | 8 | – | 2 |
| Swart-teen-swart | 8 | 8 | – | – | – |
| Wit-teen-wit | – | 4 | – | – | – |
| Onbekend-teen-onbekend | 19 | 2 | 1 | – | – |


**Tabel 9: Aantal persone gedood in bekende insidente, volgens ras gekategoriseer**

By die bestudering van beriggewing oor voorvalle waar wit mense deur swart mense vermoor is, het die aantal vermeldings per voorval in die Afrikaanse media toegeneem namate die aantal sterftes toegeneem het, terwyl die aantal sterftes in die Engelse media meestal irrelevant blyk te wees.





**Figuur 4: Gemiddelde vermeldings per aantal sterfgevalle (swart oortreders, wit slagoffers)**

Aan die ander kant, sou beriggewing oorweeg word oor voorvalle waar swart mense deur wit mense vermoor is, is dit duidelik dat die mate van beriggewing eksponensieel wyer was as beriggewing oor swart-teen-wit-geweld. Buiten hierdie verskil kon geen ander patroon vasgestel word uit die manier waarop die media oor sulke misdade berig nie en die aantal sterftes blyk irrelevant te wees.




**Figuur 5: Gemiddelde vermeldings per aantal sterfgevalle (wit oortreders, swart slagoffers)**


Met betrekking tot voorvalle waar sowel die oortreders as die slagoffers swart was, blyk dit dat die aantal sterftes irrelevant is vir almal behalwe Netwerk24. Daar was baie min beriggewing oor hierdie soort voorvalle, veral in vergelyking met voorvalle waar die oortreders wit en die slagoffers swart was.




**Figuur 6: Gemiddelde vermeldings per aantal sterfgevalle (swart oortreders, swart slagoffers)**

## Beriggewing oor rassebeskrywings


Daar was ook 'n groot teenstrydigheid in die manier waarop die HSM voorvalle op plase in terme van ras beskryf het as die oortreders en die slagoffers van verskillende rasse was. In gevalle waar die oortreders wit en die slagoffers swart was, is die oortreder of die slagoffer se ras gereeld in die berig genoem (weer met 'n onderskeid tussen die Engelse en Afrikaanse media). As die oortreder egter swart en die slagoffer wit was, is nie een van die twee se ras ooit deur enige van die HSM-instellings genoem nie, met die uitsondering van *The Citizen* wat ras in 2% van die berigte aangedui het. *Mail & Guardian*, The *New Age* en Netwerk24 het nooit ras aangedui nie en Maroela Media het dit net in 1% van wit-teen-swart-voorvalle gedoen.




**Figuur 7: Vermeldings van ras, volgens media-instellings geklassifiseer**

**Beriggewing oor name**

Daar was ook 'n groot teenstrydigheid rakende die publisering van name tussen voorvalle waar die oortreders wit en die slagoffers swart was en voorvalle waar die oortreders swart en die slagoffers wit was. Die naam van óf die slagoffer, óf die oortreder is as bekend beskou as dit reeds gepubliseer was deur ten minste een van die media-instellings wat deel is van hierdie studie, en indien die betrokke instelling dit 'n dag of langer voor die verskyning van enige daaropvolgende berig gepubliseer het. Toe insidente waar die oortreder wit en die slagoffer swart was vergelyk is met insidente waar die oortreder swart en die slagoffer wit was, het dit geblyk dat die HSM neig om óf die slagoffer, óf die oortreder se naam te plaas in gevalle van wit-teen-swart-geweld, terwyl hulle geneig was om geen name in gevalle van swart-teen-wit-geweld te publiseer nie. Die volgende grafika toon in watter mate nóg die oortreder, nóg die slagoffer se name genoem is nie, ten spyte daarvan dat dit bekend was.





**Figuur 8: Name wat nie vermeld is nie ten spyte daarvan dat dit bekend was, volgens ras gekategoriseer**

# DIE GEBRUIK VAN ILLUSTRASIES

Die teenstrydigheid tussen beriggewing oor wit-teen-swart-insidente in vergelyking met swart-teen-wit-insidente blyk ook duidelik uit die gebruik van illustrasies. Illustrasies word gewoonlik gebruik om 'n storie meer sigbaar te maak of om dit te laat uitstaan. Dit kan ook gebruik word om die betrokkenes se ras te beklemtoon. Illustrasies kan ook by berigte gebruik word om aan te dui dat daardie berigte volgens die redaksie belangriker is as berigte wat nie illustrasies bevat nie.

Ons het bevind dat die Afrikaanse media meer gebalanseerd gebruik maak van illustrasies as die Engelse media en dat gevalle van wit-teen-swart-geweld aansienlik meer illustrasies bevat as gevalle van swart-teen-wit-geweld.




**Figuur 9: Illustrasies van slagoffers of oortreders, volgens ras geklassifiseer**

# VOORVALLE WAAROOR DIE MEESTE BERIG IS

Vir hierdie verslag is die tien voorvalle waaroor die meeste berig is ook volgens ras gekategoriseer. Die rede vir hierdie kategorisering is weer eens dat daar geblyk het 'n groot teenstrydigheid te wees tussen die wyses en omvang waarop die media oor geweld op plase berig, waar rassedinamika weer geblyk het die sleutelfaktor te wees in die bepaling van die omvang van beriggewing oor 'n bepaalde voorval. (Let daarop dat 'n beskrywing van voorvalle in 'n bylae aan die einde van hierdie verslag verskyn.)

**Insidente waar oortreders wit en slagoffers swart was:**

| INSIDENT | STERFGEVALLE | ALLE VERMELDINGS | ENGELSE VERMELDINGS |
|---|---|---|---|
| Coligny | 1 | 415 | 302 |
| Doodkissaak | 0 | 382 | 289 |
| Parys-moorde | 2 | 187 | 40 |
| Majakaneng | 1 | 69 | 43 |
| Jan Railo | 1 | 50 | 27 |
| Bakkie-voorval | 0 | 28 | 25 |
| Ishmael Mathanene | 0 | 19 | 10 |
| Zithobeni | 0 | 14 | 10 |
| Kefeditse Ngobeni | 0 | 9 | 7 |
| Johannes Baadjies | 0 | 8 | 5 |

**Tabel 10: TToptien vermelde insidente van wit-teen-swart-geweld**

**Insidente waar oortreders swart en slagoffers wit was:**

| INSIDENT | STERFGEVALLE | ALLE VERMELDINGS | ENGELSE VERMELDINGS |
|---|---|---|---|
| Joubert Conradie | 1 | 138 | 33 |
| Bennie en Cecilia Cilliers | 1 | 47 | 2 |
| Roger en Christine Solik | 2 | 36 | 16 |
| Riaan Scheepers | 1 | 28 | 3 |
| Die McCormacks | 4 | 27 | 15 |
| Piet en Tilla van Zyl | 2 | 27 | 6 |
| Sue Howarth en Robert Lynn | 1 | 27 | 7 |
| BC en Marlette Greyling | 1 | 26 | 2 |
| Jan Hettema | 1 | 25 | 10 |
| Van Rooyen en Lombard | 2 | 25 | 13 |

Tabel 11: Toptien vermelde insidente van swart-teen-wit-geweld

**Insidente waar sowel oortreders as slagoffers swart was:**

| INSIDENT | STERFGEVALLE | ALLE VERMELDINGS | ENGELSE VERMELDINGS |
|---|---|---|---|
| Zebediela Citrus Estate | 0 | 25 | 15 |
| Bongumusa Duma | 1 | 13 | 13 |
| Tsietso Matsabisa | 1 | 13 | 1 |
| Kgarebe Masangu | 0 | 10 | 3 |
| Patrick Itumeng | 1 | 9 | 0 |
| Lenyara Tsotetsi | 0 | 7 | 4 |
| Mike Mpachika | 1 | 4 | 2 |
| Tshidiso Kgotlele | 1 | 3 | 1 |
| Matthew "Kenya" Gachoki | 0 | 3 | 1 |
| Michael Molefe | 0 | 3 | 1 |

Tabel 12: Toptien vermelde insidente van swart-teen-swart-geweld

**Insidente waar beide oortreders en slagoffers wit was:**

Daar is slegs berig oor drie voorvalle van wit-teen-wit-geweld. Verskeie opmerkings kan gemaak word oor die toptien vermelde voorvalle.

| INSIDENT | STERFGEVALLE | ALLE VERMELDINGS | ENGELSE VERMELDINGS |
|---|---|---|---|
| Bertie Cilliers | 1 | 15 | 4 |
| Steyn Steenekamp | 1 | 8 | 0 |
| Luke von Johnston | 1 | 7 | 1 |

Tabel 13: Topdrie vermelde insidente van wit-teen-wit-geweld

Dit is weer duidelik dat die voorvalle van wit-teen-swart-geweld aansienlik meer mediadekking kry as swart-teen-wit-voorvalle of swart-teen-swart-voorvalle. Dit is ook nuttig om bepaalde insidente met mekaar te vergelyk. Die mediadekking van Jan Railo se geval (toevallige skietery) is byvoorbeeld vergelykbaar met die mediadekking oor die moord op Joubert Conradie. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die moord op Joubert Conradie buitengewoon wye mediadekking gekry het, hoofsaaklik weens die Swart Maandag-veldtog wat kort daarna plaasgevind het. Die Bongumusa Duma-geval het aanvanklik wye dekking gekry weens die moontlikheid dat die oortreder dalk wit kon wees. Toe dit bekend word dat die oortreder swart is, het die aandag vinnig getaan. Sommige beskryf die saak egter steeds foutiewelik as 'n geval van wit-teen-swart-geweld.

Uitermate wye beriggewing oor voorvalle waar wit boere skuldig is (of vermoed word dat hulle skuldig is) kan lei tot te min beriggewing oor misdade teen swart boere en swart werkers sowel as wit-teen-wit-geweld op plase. Dit kan bydra tot die vals narratiewe dat wit boere die enigste slagoffers van plaasaanvalle is, en dat wit boere swart mense in reusegetalle op hul plase vermoor.


**Coligny, doodkissaak en Parys-moorde in vergelyking met alle vermoorde slagoffers van plaasaanvalle**

Die data toon dat die Coligny-voorval alleen soveel in die Engelse media vermeld is as al die slagoffers wat in die twee jaar vermoor is saam (302 vs 306). Hoewel die Parys-moorde nie baie wyd deur die Engelse media gedek is nie, het dit wye dekking in die Afrikaanse media gekry.

| SPESIFIEKE VERMELDINGS | ALLE VERMELDINGS | AFRIKAANSE VERMELDINGS | ENGELSE VERMELDINGS |
|---|---|---|---|
| Coligny | 415 | 113 | 302 |
| Doodkissaak | 383 | 94 | 289 |
| Parys-moorde | 187 | 147 | 40 |
| Totaal | 985 | 354 | 631 |
| 148 Plaasmoorde (slegs 105 in die media gedek) | 1091 | 793 | 298 |

**Tabel 14: Mediaberiggewing en ras – Coligny, doodkissaak en Parys-moorde vs alle vermoorde slagoffers van plaasaanvalle in 2016 en 2017**

Hoewel 32 keer meer wit as swart boere vermoor is, is die 97 voorheen genoemde insidente minder kere as die laasgenoemde drie (Coligny, doodkissaak en Parys-moorde) deur almal behalwe die Afrikaanse media en die SABC vermeld.




**Figuur 10: Mediaberiggewing en ras (ratio van vermeldings): Coligny, doodkissaak en Parys-moorde vs alle vermoorde slagoffers van plaasaanvalle in 2016 en 2017**

# INTERNASIONALE MEDIA

Hoewel hierdie verslag op die HSM in Suid-Afrika fokus en nie op internasionale of buitelandse media nie, word kortliks gekyk na beriggewing oor voorvalle van geweld op Suid-Afrikaanse plase deur internasionale en buitelandse media. Nodeloos om te sê, voorvalle waar die slagoffers buitelandse burgers was, is baie wyer deur die media van die betrokke lande gedek. In twee gevalle is Britse burgers vermoor, naamlik Sue Howarth en die Soliks. Buiten daardie twee voorvalle het die berugte doodkissaak ook dekking in die buiteland ontvang en die stereotipiese storie aangevuur dat wit boere rassisties en gewelddadig is.

| MEDIA-INSTELLING | STORIE | VERMELDINGS |
|---|---|---|
| *The Telegraph* | Doodkissaak – beskryf as "wit boere" en "swart man" | 1 |
| | Sue Howarth | 2 |
| | Parys-moorde | 1 |
| | Coligny – beskryf as "wit boere" en "swart tiener" | 1 |
| *Mirror* | Doodkissaak – beskryf as "wit boere" en "swart man" | 4 |
| | Sue Howarth | 1 |
| *The Sun* | Doodkissaak – beskryf as "wit boere" en "swart man" | 2 |
| | Sue Howarth | 2 |
| BBC | Doodkissaak – beskryf as "wit boere" en "swart man" | 3 |
| | Swart Maandag-veldtog – sluit ook die Africa Check-debat oor twyfelagtige statistieke in | 2 |
| | Soliks | 2 |
| | Sue Howarth | 1 |

**Tabel 15: Vermeldings in Britse media**

# ANDER WAARNEMINGS

Opmerkings kan ook gemaak word oor die wyse waarop daar oor hierdie voorvalle berig is:

- EWN het die Coligny-tiener as "doodgemaak" (Engels: "slain") beskryf en dus aanvaar dat die twee boere hom doelbewus vermoor het.
- Swart gemeenskappe (ongeveer 100) het ná die moord op Bennie Cilliers teen plaasaanvalle betoog. Dit is deur die Engelse media (buiten die *Daily Sun*) geïgnoreer.
- Die Swart Maandag-veldtog teen plaasmoorde is ernstig deur die media aangeval.
- ANC-ondersteuners se gesing van "Kill the Boer" buite die Paryse hof is deur die Engelse media geïgnoreer.
- IOL het die AWB-vlag as illustrasie by twee artikels oor die Parys-moorde gebruik.
- EWN het 'n beskrywing van Bokkie Potgieter van "boer" na "man" verander.
- *Daily Sun* het die wit boer wat 'n man vir 'n vlakvark aangesien het en ook 'n vermoorde boer as "Mlungu" (Afrikaans: "wit persoon") beskryf.
- *The New Age* het beweer Ishmael Mathanene, wat vir 'n aap aangesien is, is vermoor. Dit is nie waar nie.
- Jacaranda News het glad nie oor die moord op Laurika Potgieter berig nie ten spyte daarvan dat hul Good Morning Angels-veldtog haar kinders ondersteun het.
- Verskeie verslae oor die Swart Maandag-veldtog het na die beweerde vertoning van die ou vlag verwys, maar nie die name van vermoorde boere genoem nie.
- Byna geen berigte het verskyn oor ANC-ondersteuners wat by die verhoor van die doodkissaak wit poppe gedra en opgehang het nie.
- Hoewel buitelandse burgers selde oortreders is, het die media hul nasionaliteit genoem waar dit van toepassing was.
- 'n Merkbare waarneming is dat wanneer die media oor plaasaanvalle berig, en veral plaasmoorde, hulle neig om oor die voorval berig te gee maar dan nie met beriggewing van daaropvolgende gebeure soos arrestasies, hofverrigtings of vonnisoplegging opvolg nie. 'n Groot gedeelte van die media se beriggewing oor wit-teen-swart-insidente hou met hierdie daaropvolgende gebeure verband.

# GEVOLGTREKKING

Die Nazi-propagandis, Joseph Goebbels, het gesê 'n leuen wat een keer vertel is, bly 'n leuen, maar 'n leuen wat duisend keer vertel is, word die waarheid. Daar is min twyfel oor die bewering dat stories meer gewig dra as realiteite en feite. As gevolg hiervan is ons almal verantwoordelik om tussen ons eie vooropgestelde idees en die werklikheid te onderskei. Die media se verantwoordelikheid is selfs nóg groter, omdat hulle openbare persepsies, stories en stereotipes kan beïnvloed. Dit is moeilik om te ontken dat daar 'n wit-oortreders-swart-slagoffers-narratief in Suid-Afrika is. Daar is ook baie spesifieke stereotipes en narratiewe oor wit Suid-Afrikaanse boere. Wit boere word dikwels as diewe en misdadigers uitgebeeld en hulle word gereeld daarvan beskuldig dat hulle ander mense (veral hul werkers) misbruik en geweld teen swart mense gebruik. Hierdie persepsie gee aanleiding tot politieke eise en beleide soos die ANC en EFF se eis om grond sonder vergoeding te onteien.

Hoewel beskikbare bewyse duidelik toon dat bogenoemde grootliks gefabriseer is, blyk dit dat dié stereotipe aktief deur die HSM bevorder word.

Dit blyk uit hierdie verslag dat dubbele standaarde nie bloot 'n persepsie is nie, maar 'n volslae werklikheid. Dit is 'n werklikheid wat nie net van akademiese belang is nie, maar wat die potensiaal het om openbare menings en regeringsbeleid te beïnvloed en selfs plaasaanvalle te laat toeneem. Die oortreders se ras blyk die belangrikste faktor te wees wat bepaal hoe daar oor voorvalle berig word. Die syfers wat in hierdie verslag verskyn, toon duidelik dat daar nie net ernstige dubbele standaarde geld by beriggewing oor insidente nie, maar ook dat hierdie dubbele standaarde bydra tot negatiewe stereotipering van wit boere en die vermeende regverdiging van plaasmoorde.

Hierdie verslag toon duidelik dat die nuuswaardigheid van voorvalle op plase nie verband hou met die erns van die voorval nie, maar eerder met die ras van die oortreder en die slagoffer en dat die ras van die oortreder belangriker is. Dit is minder opvallend in die Afrikaanse media (wat net 'n klein minderheid mense in Suid-Afrika bedien) as in die Engelse media. Daar is min berig oor voorvalle op plase waar die oortreder nie wit was nie, selfs toe vier mense tydens een voorval vermoor is.

Tydens dié studie het dit duidelik geword dat daar 'n beduidende verskil is tussen die wyses waarop die Afrikaanse en Engelse media oor voorvalle van geweld op plase berig.

Benewens hierdie oorkoepelende inkonsekwentheid, is daar ook ander wyses waarop die media verskillend berig oor voorvalle van geweld op plase, afhangende van wie die oortreder en die slagoffer was. Dit sluit in die vermelding van die oortreder en/of die slagoffer se naam, die vermelding van ras en die gebruik van illustrasies.

Daar is duidelike en konsekwente dubbele standaarde ten opsigte van beriggewing oor voorvalle van geweld op plase, veral in die Engelse media.

Die verwronge beriggewing oor voorvalle op plase skep en vererger sonder twyfel wanopvattings oor geweld op plase en negatiewe stereotipes, veral oor wit boere. Die gevolg hiervan is die toenemende beswaddering van boere terwyl die aandag weggelei word van swart slagoffers van plaasaanvalle.

Hierdie negatiewe stereotipering kan selfs bydra tot 'n politieke klimaat waarin diskriminasie teen wit mense in die algemeen – maar veral wit boere – geregverdig word; waarin politieke aktiviste haatspraak voer teen wit boere; en waarin oortreders wat vatbaar is om plaasmoorde te pleeg die regverdiging vind waarvoor hulle gesoek het.

Solank die dubbele standaarde bestaan, moet diegene wat dit toepas beskou word as medepligtig aan die kommerwekkende verskynsel van plaasaanvalle en plaasmoorde in Suid-Afrika.

**Ernst Roets**

**Bylaag: Beskrywing van voorvalle**

| NAAM VAN GEVAL: | BESKRYWING: |
|---|---|
| Coligny | ’n Seun sterf onderweg na ’n nabygeleë polisiestasie. Daar word beweer dat die boer die slagoffer van ’n bakkie afgegooi het, terwyl die boer beweer dat die seun afgespring het. Die polisie bevestig dat die mans ook in die verlede diewe na die polisiestasie gebring het. |
| Doodkissaak | Twee wit boere vang ’n swart vermeende dief op hul plaas en sit die man binne-in ’n doodkis en dreig om hom te begrawe, hoewel daar geen poging aangewend word om hom te begrawe nie. |
| Parys | ’n Groep wit boere en gesinslede rand twee swart mans aan en dood hulle nadat die mans daarvan verdink word dat hulle ’n bejaarde wit boer aangeval het. |
| Majakaneng | ’n Wit boer word daarvan beskuldig dat hy een van drie swart mans doodgemaak het wat lemoene op sy plaas gesteel het. Daar is egter geen bewyse dat die man doodgemaak is nie, omdat geen liggaam gevind is nie. |
| Jan Railo (vlakvark) | ’n Wit paartjie wat jag maak ’n swart man dood. Hulle beweer dat dit ’n ongeluk was. |
| Bakkievoorval | ’n Wit boer bied ’n swanger, swart vrou ’n saamrygeleentheid aan, maar sy weier om voorin te sit en verkies om agter op die bakkie in ’n hok te sit. |
| Ishmael Mathanene | ’n Wit sendeling wat na ape skiet, skiet ’n plaaswerker met ’n windbuks raak. Die sendeling word beskou as ’n pilaar in die gemeenskap en word deur swart verhoorafwagtende gevangenis toegejuig en ondersteun. |
| Zithobeni | Twee wit boere rand ’n jong, swart vrou aan en bind haar vas ná hulle haar op hul plaas betrap. |
| Kefeditse Ngobeni | ’n Wit boer skiet ’n jong, swart meisie in die arm weens betreding op die plaas. Sy het vuurmaakhout opgetel. |
| Johannes Baadjies (Lutzville) | ’n Wit boer rand na bewering ’n swart plaaswerker aan en probeer hom omkoop om daaroor te swyg. |
| Joubert Conradie | ’n Wit boer word deur ’n onbekende aantal verdagtes doodgeskiet. Die verdagtes vlug met leë hande. |
| Bennie en Cecilia Cilliers | Twee swart mans word gevonnis ná hulle ’n bejaarde, wit boer doodslaan en vir poging tot moord op sy bejaarde vrou. |
| Roger en Christine Soliks | ’n Bejaarde wit paar word deur twee swart mens geslaan en verwurg. Die vrou verdrink uiteindelik ná sy in ’n rivier gegooi word. |
| Riaan Scheepers | ’n Bejaarde wit boer word deur ’n swart man doodgeslaan. |
| McCormacks | Dié aanval sluit in ’n 9-jarige meisie wat verwurg word. |
| Piet en Tilla van Zyl | ’n Bejaarde wit paartjie word deur agt swart verdagtes doodgeskiet. |
| Sue Howarth en Robert Lynn | ’n Bejaarde wit vrou word met ’n gasvlam gemartel voordat sy deur swart plaasaanvallers doodgeskiet word. |
| BC en Marlette Greyling | ’n Bejaarde wit boer word deur swart aanvallers doodgeskiet. Sy vrou oorleef die skietwonde. |
| Jan Hettema | ’n Bejaarde man word op sy kleinhoewe doodgeskiet. |
| Zebediela Citrus-landgoed | ’n Swart prokureur van Malema skiet op swart werkers tydens ’n arbeidsdispuut. |
| Bongumusa Duma | ’n Bejaarde swart boer skiet en dood ’n jong swart seun ná hy hom met ’n bobbejaan verwar. |
| Tsietso Matsabisa | ’n Swart werker en die wit plaasbestuurder word deur swart aanvallers doodgeskiet. |
| Kgarebe Masangu | ’n Bejaarde swart vrou word deur haar kleinseun en ’n ander vrou doodgemaak. |
| Patrick Itumeng | ’n Swart boer word deur swart aanvallers doodgeskiet. |
| Lenyara Tsotetsi | ’n Swart werker word met ’n mes gesteek en die wit plaasbestuurder in die kop geskiet deur aanvallers. |
| Mike Mpachika | ’n Swart werker word deur aanvallers doodgeskiet wat hulself as SAPD-beamptes voordoen. |
| Tshidiso Kgotlele | ’n Swart skaapwagter word deur veediewe doodgeskiet. |
| Matthew ‘Kenya’ Gachoki | Hy moet die plaas verlaat omdat hy nie ’n Suid-Afrikaner is nie. |
| Michael Molefe | ’n Swart plaaswerker en sy vrou word aangeval. |
| Bertie Cilliers | ’n Wit man word tydens ’n inbraak deur ’n ander wit familielid gedood. |
| Steyn Steenekamp | ’n Wit man word deur twee jong wit mans, wat sy motor steel, doodgemaak. |
| Luke von Johnston | ’n Wit man word deur ’n buurman geskiet oor ’n dispuut. |